# Bestuur



VLNR: Andre j/v Rensburg (Addisioneel), Attie Hattingh (Addisioneel), Roelf Brewis (Waarnemende Voorsitter), JJJ j/v Resnburg (Oud Voorsitter), Theo Senekal (Waarnemnde Onder-Voorsitter), Hettie Brewis (Penningmeester), Hester Miller (Addisioneel), Martie Smit (Sekretaresse), Buks Möller (Seniorburger Verteenwoordiger)

## Kontak Besonderhede van Bestuurslede:



| | | | |
|---|---|---|---|
| wnd. Voorsitter: | Roelf Brewis | 082 689 6519 | rbrewis.rio@gmail.com |
| wnd. Ondervoorsitter: | Theo Senekal | 084 657 6369 | theos@execmail.co.za |
| Sekretaresse: | Martie Smit | 082 411 6906 | mmesmit@telkomsa.net |
| Penningmeester: | Hettie Brewis | 082 442 2671 | rbrewis@telkomsa.net |
| Addisioneel: | Andre j/v Rensburg | 083 449 8281 | Andre.vanRensburg@up.ac.za |
| | Hester Miller | 072 947 9277 | |
| | Attie Hattingh | 076 187 4325 | attie@execmail.co.za |
| Seniorburger Verteenwoordiger: | Buks Möller | 082 462 2100 | |
| Oud Voorsitter: | JJJ van Rensburg | 079 692 1817 | j3vr@vodamail.co.za |
| Redakteur: | Roelf Brewis | 082 689 6519 | dieskadukol@gmail.com |
| Proeflesers: | Lizelle Brewis & Hettie Brewis | | |
| Facebook Redaksie: | Nelmarie Grobbelaar | 084 299 3703 | lengrob69@gmail.com |
| | Hettie van Rooyen | | vrooyet@telkom.co.za |



SAWA Webtuiste
www.sawa.org.za

SAWA Bosveld Webtuiste

Gaan Like Ons

S.A.W.A. BOSVELD

# Die Skadukol

"IN DIE SKADU"

Volume 46

## Inhoud


2 : Die Redaksie sê

3 : Advertensies

4 : Voorlopige Jaarprogram 2015
!!! Belangrike Boodskap !!!

5 : Kamp Program 2014
: Bank Besonderhede

6 : Nabetraging: Arendsnes (Veldskool Kamp)

7 : Statistiek: Arendsnes (Veldskool Kamp)

8 : Voorsitter Verslag: Roelf

9: Voorsitter Verslag: Roelf (Vervolg)

10 : Boskombuis: Surf & Turf Sosatie

11 : Lag jou "Kol" af


12 : Pitkos
: SAWA Erekode

13 : Lief en Leed
: Wie Verjaar

14 : Volgende Kamp: Manyane Saamtrek

15 : Iets vir die Bosvarkies: Appel Doolhof

16 : Bestuur Inligting

Voorblad Foto: Internet

# Die Redaksie Sê

Hi Bosvelders.
So is 2014 ook al verder as sy halfpad-merk, en voor ons weer besef is 2014 verby...
Diegene wat ons "veldskool-naweek" gemis het gaan seker hulself op hul agter-ent skop as hulle die nabetraging gaan lees en besef op wat hulle uit-gemis het...
Lees meer hieroor op Bladsy 6
Ons volgende kamp is by Manyane, ook meer hieroor op Bladsy 14

Julle almal is teen die tyd al bewus van ons Facebook blad, gaan loer maar kort-kort daar in en as julle foto's het, laai dit op...
Wat wel nuut is, is ons Whats-App groep.
Stuur net jul naam na 082 689 6519 om by die groep aan te sluit.
Ek sal belangrike info ook daarop uitstuur vir diegene wat sukkel om hul e-posse oop te maak ens...

Ons het ook 'n BAIE BELANGRIKE boodskap op bladsy 4, lees dit asseblief.

Ons sal graag ook meer terugvoering wil kry oor die Skadukol.
Indien julle prente, iets mooi, berigte of enige iets het wat julle graag in die Skadukol wil sien, stuur dit deur of laat ons weet.

Julle kan ook op www.CaravanParks.com gaan loer en aansluit by die forum.
Daar is baie goeie en handige raad op die forum, en as jy inligting soek oor enige-iets oor kamp, is dit die plek om te wees.

Ons hoop julle geniet hierdie uitgawe van die Skadukol.

Groete van Bos tot Bos

Roelf & Lizelle

SAWA BOSVELD NUUS

082 689 6519

SAWA Webwerf:


www.sawa.org.za

Julle kan S.A.W.A. Se Grondwet ook aflaai deur om hierdie QR kode te "scan"



Iets vir die Bosvarkies

Hi Maatjies
Help my asseblief om my pad deur hierdie heerlike appel te vind.






Ons volgende kamp is by Manyane vanaf 20 tot 24 Julie vir die Seniorburger-week en 25 tot 27 Julie vir ons kuier-naweek.
Ons is weereens 'n groot groep wat die saamtrek gaan bywoon, so dit beloof om 'n lekker, tog ontspannende week en naweek te wees, met meer en deels wildkyk op die agenda.
Die koste vir die naweek is R 360.00 en die Seniorburger-week R 175.00 per nag plus R 10.00 vir die plaatjie.
Ongelukkig as julle nou besluit dat julle graag die saamtrek wil bywoon sal ek ongelukkig jul name op 'n waglys moet plaas, en uitvind by die oord of daar nog staanplekke beskikbaar is.
Die oord is besig met opgradering, en ek sal graag terugvoering van julle wil hê oor hoe julle die oord en sy geriewe ervaar het, goed of sleg asseblief.
Ongelukkig sal ek nie die saamtrek kan bywoon nie, maar ek probeer maar nogsteeds te help met die reëlings sover ek kan.
As die naweek verby is sal ek ook graag 'n verslag wil stuur aan die oord-bestuur oor hoe die lede en gaste die oord ervaar het.
AL die Bosvelders wat die saamtrek gaan bywoon is kampkommandante omrede hierdie so groot saamtrek vir Bosveld is, maar ons hoof kampkommandante by die Seniorburger saamtrek is oom Buks Möller en oom Neels Roodt.
Indien julle van julle saam met hulle daar staan, gee maar asseblief 'n handjie met die indeling.
By die kuiernaweek is die hoof kampkommandante Roelf Brewis snr en Theo Senekal.
Ek wil net vra dat julle vir hulle ook 'n handjie sal gee waar julle kan sodat hierdie naweek 'n reuse sukses sal wees ongeag die toestand van die oord.
As ons een ding weet is dit dat Bosvelders 'n kamp lekker maak, al is die oord self nie lekker nie...
Ek het ook 'n voëltjie hoor fluit dat oom Buks en oom Neels weer die Sjampanje-ontbyt gaan aanbied by die seniorburger saamtrek.
Baie dankie daarvoor.

Van my kant af, geniet die naweek, neem BAIE fotos en wees seker om dit of vir my te stuur ,dit op Facebook te gaan laai, of dit na die WhatsApp groep toe te stuur.

Groete van Bos tot Bos

Roelf






Adverteer in Die Skadukol
Kontak: Roelf
sawa.bosveld@gmail.com



Voorlopige Jaarprogram 2015




| Datum: | Oord: | Tema: | ***Koste: |
|---|---|---|---|
| 30 Jan. - 1 Feb | Onverwags | Asemskep Naweek | |
| 7 - 9 Mrt | Koppisol | Potjiekos/Sosatie Kompetisie | |
| 3 - 6 Apr | Klipdraai | Presidente | |
| 29 - 31 Mei | Klein Paradys | Vroue Naweek | |
| *Jul | Manyane** | Wildkyk Naweek | |
| 21 - 23 Aug | Arendsnes | Veldskool Naweek & AJV | |
| 18 - 20 Sept | Fortuna | Visvang & Manne Naweek | |
| 16 - 18 Okt | Buffelspoort | Kongres | |
| 6 - 9 Nov | Dube | Afsluiting | |

* - Datums sal verkry word by oord "Winter Special", hang ook af van **
** - Na afloop van Manyane 2014 sal besluit word of ons weer 'n saamtrek by Manyane gaan reël
*** - Koste sal deurgegee word sodra lys gefinaliseer is.

NB: Indien een sou belang stel om as Kampkommandant op te tree vir van die naweke, laat my asseblief weet.
Ons wil kyk of ons nie solank die kampkommandante ook kan finaliseer by die AJV nie, dit sal beplanning vir naweke en hul program beplanning baie vergemaklik.

## !!! BELANGRIKE BOODSKAP !!!

In die toekoms gaan ons van besprekingsvorm gebruik maak. Indien ons nie 'n besprekingsvorm terug ontvang VOOR die afsny-datum, saam met bewys van betaling nie, gaan ons NIE 'n bespreking maak nie tensy daar vooraf reëlings met Hettie getref is. Hierdie reëling is besluit op tydens die bestuursvergadering by Arendsnes op 27 Junie 2014 en sal in werking tree vanaf 31 Julie 2014.



# Lief & Leed

## Lief:


- Oom Neels en Tannie Leonie Roodt het weer aktief begin saamkamp.
- Baie geluk aan die wat verjaar het, en nog gaan verjaar.

## Leed:

- Martie Smit was in vir 'n operasie.
- Theo Senekal se kinders was weer gekaap, die keer in sy erf.
- Oom Gert Meyer se ma is oorlede.
- Martin Rix, Gebied Jakaranda se Voorsitter se pa is oorlede.
- SAWA Bosveld verloor vir Brian en Minethe Owen as lede: hulle verhuis na Engeland. Ons wens julle alle sterkte toe in die land van die vreemde.
- Sterte aan almal wat siek is, Winter en verkoue loop hand-aan-hand...

Stuur vir ons jul Lief en Leed na: dieskadukol@gmail.com of faks na 086 542 4431



| JULIE | AUGUSTUS | SEPTEMBER |
|---|---|---|
| 3 Marthie du Plooij | 1 Daleen Casteleijn | 3 Anna j/v Rensburg |
| 5 Petra vd Merwe | 3 Katinka Bezuidenhout | 6 Ulicia Theron |
| 7 Bianca Brink | 5 Attie Hattingh | 6 Lettie Möller |
| 8 Zjack de Beer | 9 Elmarie Hough | 7 Jan Miller |
| 13 Spokie Meyer | 9 Chanté Wolfaardt | 10 Pine Pienaar |
| 14 Isabel Hattingh | 12 Christel Wolfaardt | 12 Minethe Owen |
| 14 Jannie Erasmus | 18 Gert Meyer Snr | 21 Nelmarie Grobbelaar |
| 17 Boetie Smit | 21 Dries Schlebusch | 26 Adriaan Smith Snr |
| 20 Hanlé Schlebusch | 22 Freda Blomerus | 28 Marianna Barnard |
| | 25 Phillip v Wielligh | |
| | 27 Driaan Wolfaardt | |
| | 29 Charlmari j/v Rensburg | |

Indien een van julle se name nie op die lys is nie, laat weet ons asseblief sodat ons die lys op datum kan bring...




# SAWA Erekode

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook die Riglyne en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.
Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe.

2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons assosiasie uit te brei.

3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.


4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.

5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.

6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.



# Kamp Program




Kamp Program vir 2014

| Datum | Oord | Tema |
|---|---|---|
| 20 - 24 Julie | Manyane | Seniorburger |
| 25 - 27 Julie | Manyane | Wildkyk naweek |
| 22 - 24 Augustus | Klein Paradys | AJV |
| 5 - 7 September | Bosveld Oase | Bestuurskamp |
| 19 - 21 September | | Nasionale Saamtrek |
| 17 - 19 Oktober | Buffelspoort | Kongres |
| 24 - 26 Oktober | Dube | Potjiekos Kompetisie |
| 27 - 28 Oktober | Dube | Seniorburger |
| 21 - 23 November | Eastco | Afsluiting |

**SAWA Bosveld Bank Besonderhede:**

**Standard Bank Montana**
**Naam van rekeninghouer: SAWA Bosveld**
**Rekening Nommer: 20-03-93-32-4**
**Tak Kode: 01-5945-00**
**Tipe Rekening: Tjek**
**Fax Nommer: (012) 252 7934**



Hi Bosvelders **BOS KAMERA**

Indien julle foto's het van kampe, laai dit gerus op ons Facebook Bladsy.
Op hierdie manier kan ons almal altyd daardie lekker kamp-herinneringe weer oor en oor beleef.
So...
Hou daai kamara gereed...

Ons facebook bladsy se adres is:
www.facebook.com/sawabosveld
Gaan loer gerus...

Julle kan ook die kode lees met jul slimfone om na die blad toe te gaan.




**ARENDSNES**

**SPORTSKOOL, AVONTUURSENTRUM & GAME LODGE cc**

Hi Bosvelders

Waar begin ons... Tannie Joey het besluit sy wou haar naweek langer maak en het alreeds Donderdag deur gesleep na Arendsnes toe, baie ander lede het ook alreeds die Vrydag vroeg-vroeg al hul staanplekke gemaak.
Weereens het ons die HELE oord net vir ons self gehad.
Alhoewel daar 'n skoolgroep ook was het hulle glad nie eers gepla by die kamp area nie.
Waar hulle ons wel geflous het was Vrydag-aand, toe die spanleiers en hul "sidekicks" die lantern moes gaan soek... Na 'n paar ure wat ons niks gehoor het van hulle nie, het ons besluit om te gaan kyk wat van hulle en die lantern geword het, toe ons wel op die plek kom waar die lantern was, was daar geen teken van dit nie. Die volgende dag hoor ons toe dat van die kinders in die skoolgroep gedink het dat die lantern dalk een van hul maats s'n is en het dit by die kantoor gaan inhandig...
Ongelukkig na so paar van die reëls moes verander word het die "Swart" Span verloor en was hulle verantwoordelik vir die maak van ontbyt die volgende oggend. Saterdag-oggend was daar toe selfs 'n handjie geleen van die ander span se lede, en die veldskool ontbyt draai 'n reuse sukses uit.
Daarna was dit blikkie skiet tyd... wie sou ooit kon raai dat dit so groot tydverdryf is...
Na die opwarming was dit die groot item... die "Bosveld-Paintball"
Die twee spanne het in die middel van die oord bymekaar gekom, en toe na die twee verskillende hekke toe beweeg om daar uit te gaan in die veld in. In die veld het hulle in mekaar se rigting gedraai.
So begin die jag toe... in die middel van die veld ontmoet ons toe mekaar en daar begin die eerste bosveld-oorlog, en het dit omtrent gevoel soos 'n oorlog... Jy loop nog in die veld, en die volgende oomblik hoor jy net hier vlieg iets verby jou. Dis dan wat jy besef..."hier kom dit nou"... Die volgende oomblik bevind jy jouself in 'n situasie wat jy weet NOU GAAN JY GESKIET WORD... en daar is niks wat jy daaraan kan doen nie, behalwe maar jou hou vat... ten minste weet jy as dit klaar is, is dit weer jou beurt om te skiet...
Maar ten spyte van al die pyn, lyding en vloekwoorde het almal dit baie geniet, en ek weet ons sal dit weer doen. Die Wit span het die keer verloor en was toe verantwoordelik vir die braai en die maak van worsrolle...
Die aand het ons lekker saam gekuier om die vure tot laat.
So tussendeur die naweek het almal die hele oord vol geloop op soek na kaartjies vir die skattejag, dit was so groot sukses dat ek dit amper by elke kamp sal wil doen, so wees op die uitkyk vir daai kaartjies hoor. Ons sal maar net kyk in die toekoms dat Leonard nie weer vir Chanté gebruik om kaartjies se wegsteekplekke by Roelf uit te vis nie...
Ons het ook gaste gehad wat saam met ons gekamp het wat Roelf ontmoet het op Caravanparks.com se forum. Ons hoop julle het dit ook so baie geniet soos ons, en ons hoop om julle gou weer om ons vure te sien.
Ons het ook die voorreg gehad om vir kamp-kat te ontmoet, waar in die lewe het julle al 'n kat gesien wat so gemaklik in 'n woonwa kan aanpas soos in sy eie huis... stuur maar 'n meauw vir hom ook.

Bosveldgroete

Die Kampkommandante (Roelf & Lizelle Brewis, Theo & Babs Senekal & Jonathan & Amanda j/v Rensburg)



INDIEN JULLE DALK IETS SNAAKS HET, OF ENIGE IDEES OF GRAPPIES HET.
SELF 'N SNAAKSE STORIE WAT MET JULLE AL GEBEUR HET.
STUUR DIT ASSEBLIEF VIR MY...
HOE GROTER ARGIEF EK HET HOE BETER...




# GESTEELDE LEMOENE

KOOS EN SY PEL HET 'N SAK VOL LEMOENE BY DIE BURE SE PLAAS GESTEEL.
HULLE HARDLOOP NA DIE NAASTE BEGRAFPLAAS OM DIE LEMOENE TUSSEN HULLE TE VERDEEL.
TOE HULLE BY DIE HEKKIE IN HARDLOOP, HAAK DIE SAK AAN DIE HEK EN SKEUR. DAAR VAL TOE TWEE LEMOENE UIT DIE SAK EN WORD NET DAAR GELOS.
'N DRONKIE OP PAD TERUG VAN DIE KROEG AF LOOP DAAR VERBY EN HOOR TOE:
"EEN VIR MY EN EEN VIR JOU, EEN VIR MY EN EEN VIR JOU..."
HY SKRIK HOMSELF SOMMER NUGTER EN HARDLOOP NA DIE DOMINEE TOE.
"DOMINEE, DOMINEE, KOM SAAM MET MY ASSEBLIEF, KOM HOOR HOE DEEL GOD EN SATAN LYKE TUSSEN HULLE IN DIE BEGRFAFPLAAS!"
HULLE HARDLOOP BEGRAFPLAAS TOE EN SOWAAR...
DIE STEMME GAAN VOORT...
"EEN VIR MY EN EEN VIR JOU, EEN VIR MY EN EEN VIR JOU..."
SKIELIK SÊ DIE EEN STEM:
"NOU WAT VAN DIE TWEE BY DIE HEK?"
DOMINEE HET DIE VINNIGSTE WEG GEHARDLOOP...



BRON: TANNIE JOEY OOSTHUIZEN
VIA WHATSAPP

# Bos Kombuis



## Spek-en-mosselsosatie

**'Surf & turf'**

'n Repie spek rondom 'n mossel sorg vir net daai ekstra bietjie sout, en dit maak van dié gereg 'n wenner.
Jy benodig (vir 5 mense)

Vir die sosaties
- 30 vars swartmossels
- 'n halwe bottel witwyn
- 15 repies strepiespek
- 5 sprietuie (gebruik slegs die groen deel)


Vir die sous
- 1 teelepel kookolie
- 'n hand vol grasuie, fyngekap
- 2 knoffelhuisies, fyngekap
- 125 g gesoute botter
- 'n halwe koppie room
- sout en peper

Só maak jy
1 Maak die sous: Verhit die olie in 'n pan en braai die helfte van die grasuie vir 'n paar sekondes saam met die knoffel. Gooi die botter by en laat dit smelt.
2 Haal die pot van die hitte af en gooi room en die res van die grasuie by.
Geur dit na smaak met sout en peper.
3 Maak die sosaties: Laat lê 5 sosatiestokkies vir minstens 10 minute in water sodat dit nie brand nie.
4 Stoom intussen die mossels oor matige kole in witwyn totdat elkeen oopmaak (gooi dié weg wat nie oopmaak nie). Haal die mossels uit die dop en spoel hulle onder lopende water af.
5 Draai elke mossel met 'n repie spek toe en ryg dan 6 mossels op elke sosatiestokkie.
6 Sny die groen deel van 'n sprietui in stukkies van ongeveer 3 cm en sit 'n stukkie tussen elke mossel op die stokkie.
7 Braai die sosaties oor matige kole totdat die spek bros en bruin is – ongeveer 10 minute. Bedruip die sosaties met die sous.

Wenk: Gebruik sover moontlik vars swartmossels wat jy van die rotse af gekry het. Onthou egter om 'n permit te kry – dis by enige poskantoor beskikbaar.

Bron: www.weg.co.za






SAWA Bosveld Lede

| Lid Nommer | Lid Naam | Alg. Kamp # | Eie Kamp # |
|---|---|---|---|
| 10064 | JRP Brewis (snr) | 137 | 120 |
| 12098 | JRP Brewis (jnr) | 32 | 25 |
| 11240 | GS du Toit | 78 | 71 |
| 9032 | JJ Erasmus | 4 | 4 |
| 12663 | L Grobbelaar | 4 | 3 |
| 10321 | A j/v Rensburg | 88 | 75 |
| 12614 | J j/v Rensburg | 5 | 5 |
| 11336 | HF Möller | 77 | 71 |
| 12644 | SJ Oosthuizen | 2 | 2 |
| 7485 | N Roodt | 85 | 76 (70) |
| 11265 | TJC Senekal | 59 | 50 |
| 10480 | T van Rooyen | 78 | 60 |
| 12645 | J Wardley | 5 | 5 |



Gaste
Chris & Dol Walters
Nico, Millie en "Kampkat" Oberholzer




Tannie Joey Oosthuizen & Tannie Ria Brits
Baie welkom by Streek Bosveld

Kampkommandante:
Roelf & Lizelle Brewis
Theo & Babs Senekal
Jonathan & Amamnda j/v Rensburg




Boetebeamptes:
Roelf Brewis Snr
John Wardley







Stoutgatte:
Leonard Grobbelaar (Soos gewoonlik... hy het sy titel as gewoonte misdadiger gekry)
Jonathan j/v Rensburg & Paul van Rooyen

Boekevat Vrydag-aand: Oom Buks Möller
Boekevat Saterdag-aand: Oom Buks Möller
Erediens Sondag-oggend: Kyknet

# Uit die van die Waarnemende Voorsitter...

Hi Bosvelders

Eerstens wil ek al die Bosvelders wat Manyane gaan bywoon solank bedank.
Soos julle weet is AL die Bosvelders kampkommandante. Die week en die naweek se sukses rus op julle hande.
Indien julle iets wil weet, gaan vra maar vir die Hoof-kampkommandante vir hulp.
Ek wil ook net versoek dat julle my asseblief na die naweek sal kontak, al is dit net 'n boodskap en terugvoering gee oor hoe die naweek was, en ook hoe julle die oord ervaar het.
Ek moet weet of ons dit weer volgende jaar gaan doen, en of ons vir 'n ander plek moet kyk...

Dan, BAIE BELANGRIK...
Die kamp na Manyane is dit ons AJV.
Dit is seker DIÉ BELANGRIKSTE kamp van die jaar. Hier is jul enigste kans om te vertel wat julle pla, voorstelle kan lewer hoe om dinge te verbeter, en ook die bestuur te kies.
Ek wil julle solank nou al vra om mooi te dink oor wie julle gaan kies vir bestuur.
Ons gaan 'n sisteem in plek stel waar elke addisionele bestuurslid verantwoordelik sal wees saam met een van die Sleutel bestuurslede.
Byvoorbeeld: Waar 'n Voorsitter 'n Onder-Voorsitter het, sal die Onder-Voorsitter ook iemand het wat sy pos sal kan oorvat indien hy dit nie meer kan doen nie, en so ook by die ander sleutel poste.
Dink asseblief mooi oor wie julle waar wil hê, en vind ook maar uit dan by die persoon of hy of sy dan gewillig sal wees om dit te doen.
Ek gaan eerlik wees en sê dat dit wel harde werk gaan wees, maar julle besluite met die bestuur is Bosveld se toekoms. Kies iemand wat julle WEET die werk sal kan doen.
hoe dit sal werk:

Voorsitter ---- Onder-Voorsitter
Onder-Voorsitter ---- Addisionele Lid
Sekretaris ---- Addisionele Lid
Penningmeester ---- Addisionele Lid
Seniorburger Verteenwoordiger

Ons het ook besluit dat ons wil kyk of ons nie 'n jeugverteenwoordiger kan kry nie.
Indien dit nog iemand van die jongspan is, sal hulle ongelukkig nie stemreg hê nie, maar hul insette sal hoogs waardeer word. Die ander opsie is dan om een van die Addisionele lede ook as jeug verteenwoordiger aanstel.
Saam met die nuusbrief is ook die nominasievorm. Voltooi dit asseblief en stuur dit vir enige bestuurslid of vir my.
Ons vra dan asseblief dat julle regtig sal probeer om die AJV by te woon.
Al die inligting is by die "Volgende Kampe" op bladsy 5



Ek wil ook dan graag van hierdie geleentheid gebruik maak om al ons nuwe lede te verwelkom by SAWA Bosveld.
Julle sal gou sien dat ons amper meer 'n familie is as 'n club.
Ek wil ook elkeen uitnooi om te probeer meer nuwe lede te werf vir die klub.
Hulle sê nie verniet hoe meer siele hoe meer vreugde nie...

Julle sou seker alreeds ons voorlopige program vir 2015 onder oë gehad het.
Ek wil ook maar net gou so paar dinge uitlig omtrent oor hoe ons op hierdie oorde besluit het.
Diegene wat by Arendsnes was sal onthou dat ons relatief lank vergadering gehou het, groot deel van dit was die beplanning.
Oorde was genomineer en toe besluit op met die volgende in gedagte:
Veiligheid, bekostigbaarheid, Aktiwiteite en geriewe.
Dit is tog wat ons kampe so lekker maak...
El moet net noem dat daar sekere oorde is wat oor die winter maande toe is, en dit beperk ons nogals heelwat, veral met die winter kampe.
Hierdie voorlopige program is nog nie finaal nie, ons besluit finaal op dit eers by die AJV.
Ons het alreeds van Januarie maand af gevra vir nominasies vir oorde, maar baie min is ontvang, dus moes dit toe amper heeltemal van die bestuur se kant af gekom het.
Hierdie oorde is ook nie net gekies nie, alle oorde soos dit daar voorkom is eers goed besin deur die bestuur, en toe eers was die besluit geneem.
Dus, hierdie lys is uitgewerk sodat dit die beste by ons beplande tema-naweke sal pas.
Ons sal graag wil hê dat hy so aanvaar en goedgekeur sal word by die AJV, maar indien daar enige vrae is, kontak my asseblief.
Die tariewe sal bekend gemaak word sodra die lys gefinaliseer is, en ons die oorde gekontak het om die tariewe uit te vind.
Ek moet ook noem dat die program nog dalk kan verander as ons nie regkom by van die oorde nie, maar ons sal dan al die veranderinge vroegtydig deurstuur.
Hierdie beplanning is ook aan die NUB gestuur, en sodra dit vasgestel is, is dit BAIE moeilik om te verander, tensy dit nie anders kan nie.
Indien ons die program so sal kan hou, beloof dit om weereens baie lekker kampe te wees...

Om net by te las by die Nabetraging van Arendsnes, Volgende jaar maak ons weer so, so as julle dit hierdie jaar misgeloop het, volgende jaar kry julle weer 'n kans, en volgende jaar sal dit nóg beter wees...
Hierdie was maar net 'n proeflopie, ons het nou gesien hoe kan ons dit verbeter, en as 'n proeflopie so lekker was, kan dit net beter raak.

Tot by die volgende kamp

Bosveldgroete: